

Dieselfde Jesus

Christus is vóór en ná sy kruisiging presies dieselfde God. Voor sy lyding, sowel as na sy opstanding, bly Hy die Here en Meester van ons lewens. Dít wil Jesus aan sy dissipels sê in ons teksgedeelte. Hy was en is en bly altyd dieselfde God. Dieselfde Christus by die skepping is die Christus van die kruis. Dieselfde Christus by jou geboorte is die Christus by jou sterfbed. Juis daarom móés Hy na hierdie wêreld toe kom. Hy het gekom om van jónu lyding en hartseer 'n genadesaak te maak, om deur weemoed en bewoënheid 'n dankbare hart te skep en om kleingeloof in 'n geskenk van 'n entoesiastiese en sekere geloof te verander.

As Jesus in ons teksgedeelte die kruistekens aan sy hande en voete aan sy dissipels wys, verseker Hy hulle dat dit steeds Hý is – dieselfde Christus van vóór die kruis. Hierdie tekens het drie betekenis: ⁽ⁱ⁾ *Dit is tekens van die kruisiging.* Daardie kruistekens is vir die kinders van God blywend. Die kruispaal is verwyder en Golgota is verby, maar die kruistekens is in sy liggaam afgedruk as tekens van versoening en verlossing. ⁽ⁱⁱ⁾ *Dit is ook tekens van oorwinning.* Ongeag die kruistekens aan sy liggaam lewe Hy en het Hy só die dood en die graf en die hel oorwin. ⁽ⁱⁱⁱ⁾ *Dit is ook tekens van vrede.* Dié vrede is daardie ewige en blywende vrede (vs 36) wat Jesus gebring het deur sy versoeningsdood.

As Hy daarom die kruistekens aan sy dissipels wys, verseker Hy sy kinders dat die kruis 'n oorwinning was wat ook vandag – al is jy hartseer of vol pyn, al voel jy afgemat en vol vrees – vrede vir jónu sal bring.

Sing: Skrifberyming 5-3:4, 5

Ds. NW Ligthelm (Pretoria-Alkantrant)